**Saterdag 4 Maart**
**Skrifgedeelte: Psalm 24:1-10 (AFR33/53)**
**Fokusgedeelte: Psalm 24:1, 2**
**Die aarde en die volheid daarvan behoort aan die Koning**
Dit is baie troosvol om naby God te kan wees. In die Ou-Testamentiese bedeling moes die gelowige na die tempel in Jerusalem gaan om God daar te gaan aanbid. Vandag kan ons God op enige plek aanbid (Joh. 4:21-23) omdat ons deur Jesus Christus toegang tot God het (Heb. 10:19-22).

Omdat God heilig is, moes die mens wat tot God nader, aan twee vereistes voldoen. Hy moes besin oor:

- Hoedanig God is tot Wie hy nader (vs 1-2 en 7-10).
- Hoedanig die gelowige is wat tot God nader (vs 3-6).

Om in ware gemeenskap met God te lewe, moet ons besef Hy is die Skepper van hemel en aarde. En omdat Hy Skepper is, behoort die wêreld en alles daarop aan Hom.

Psalm 24 begin met 'n allesomvattende uitspraak. Alles, letterlik alles behoort aan God! Die selfgesentreerde mensdom wil dit nie aanvaar nie. Hulle reken: Alles is myne! Daarom dat daar op soveel regte aanspraak gemaak word en God se reg word eenkant geskuif. *"Ek het die reg om te besluit oor my liggaam ten opsigte van aborsie"*, eis die mens wat nie wil erken dat die mens eintlik niks besit nie. Hiermee val die mens in die strik van Satan wat hom verbeel dat hy alles besit en op aanbidding aandring (Matt. 4:8).

Psalm 24 bring alles weer in perspektief. Deur sy dood aan die kruis het Jesus die skepping, en veral God se uitverkorenes, uit die aanmatigende hande van Satan kom ruk! Deur sy opstanding het Hy alle mag in hemel en op aarde verkry (Matt. 28:19). Met sy hemelvaart het Christus die hemelpoorte vir sy gelowiges oopgemaak. Daarvan sing ons in Psalm 24 (vs 7, 9).

Wat eers die voorwaardes was om tot God te mag nader (vs 3-4), word op grond van Jesus se versoening die kenmerke van 'n Christen se dankbaarheidslewe. Daarom kan ons tot God nader en in volle gemeenskap met Hom lewe.

*Sing: Psalm 24-1:1, 5*
*Ds. P van Wyk (Pieter) (Bronkhorstspruit)*